SAKE 24 (Beeld)
Wednesday, 21 November 2007, p. 3

Bottelwater gewild oor leefstyl

Die Suid-Afrikaanse nasionale vereniging vir gebottelde water (Sanbwa) meen die 20%-groei in die gebotteldewaterbedryf in die land is aan veranderende leefstyltendense te danke, eerder as aan die ekonomiese groei in Suid-Afrika.

Mnr. John Weaver, voorsitter van Sanbwa, het in 'n verklaring gesê hoewel die vlakke van besteebare inkomste in Suid-Afrika aan die styg is, toon die gebotteldewaterbedryf al sedert sy aanvang agt jaar gelede 'n konstante groei van meer as 20%.

Sanbwa se syfers toon verkope van meer as 260 miljoen liter gebottelde water in 2006 teen 'n gemiddelde kleinhandelprys van R7,19 – 'n omset van bykans R2 miljard vir die bedryf. Weaver het gesê Sanbwa verwag 'n styging van 34% op dié omset in 2007.